# ELDO-i

HOëRSKOOL ELDORAIGNE

## ALGEMEEN

### ELDO 50 JAAR LOGO KOMPETISIE



## ELDORAIGNE BLOOD DRIVE

# ELDORAIGNE BLOOD DRIVE




DATUM: 28 FEBRUARIE 2023

WAAR: ELDORAIGNE RUGBYVELD

TYD: 09:00 – 15:00

REGISTREER BY JOU REGISTERONDERWYSER

OUERS WAT WIL SKENK IS WELKOM

Kriteria vir Bloedskenk:

- Moet 16 en ouer wees
- Moet meer as 50 kg weeg.
- Eet 'n klein maaltyd voor jy gaan bloedskenk

# AKADEMIE


## WISKUNDE OLIMPIADE

Aandag alle Wiskunde Wenners:

Hier is jou eerste Olimpiade vir die jaar!



## INTERNAL ORATORS




## FISIKA OLIMPIADE

Baie geluk aan Marcel Stolz in graad 12 wat tydens die tweede nasionale rondte van die Fisika Olimpiade 'n sesde plek behaal het.



## VASGEINK – SKRYFSKOOL

Die VasgeINK-skryfskool, wat leerders leer hoe om hulle eie boeke te skryf, spog hierdie jaar met sestien nuwe skrywers!

Die seniors het hulle verwelkom tydens 'n klein, intieme seremonie, waar elke nuwe skrywer 'n houtboksie ontvang het, met skryfraad van die seniors daarbinne.

Lees hier ons senior skrywers se raad om jou te help skryf:

Adél van Rooyen: Moord is altyd 'n goeie toevoeging tot 'n vervelige hoofstuk.

Hanri Fourie: Moenie moed opgee nie. Dit gaan party dae moeilik wees en jy gaan dae kry waar jy niks idees het nie, maar ek weet jy gaan enige struikelblokke wat jy teëkom, oorwin. Ek is regtig trots op jou.

Mieke van Heerden: Skryf elke liewe dag, selfs al is dit net so 'n woord. Elke bietjie help! As jy nie tyd kry om by jou rekenaar te sit nie, kan jy dit net in jou notes app skryf.

Daniël Boshoff: Indien jy nie kreatief voel nie, en geen lus het om te skryf nie, skryf 'n aparte storie waar jy, die skepper van jou storie, met jou karakters praat. Jy het al jou karakters se persoonlikhede in jou onderbewuste ontwerp. So kyk wat jou karakters te sê het vir jou.

Martine Nel: Moenie dit oordink nie, skryf net!



Ons sien uit om julle skryfwerk binnekort te lees!





## REDAKSIE SPAN 2023

**Redaksie 2023**

Hoërskool Eldoraigne is trots om ons skoolkoerant weer bekend te stel. Die skoolkoerant word hierdie jaar anders as vroeër jare aangepak, waar slegs graad 11-leerders deel van die redaksiespan sal vorm. Ons sien uit daarna om te sien watter nuwe gees ons leerders in ons skool skep, asook die tipe stories wat uit hulle pen gaan kom.

Ons stel aan u bekend, die redaksie van 2023:

**Koerantbestuur:**

- Redakteur: Leam Nieuwoudt
- Adjunk-redakteur: Lilo Beetge
- Sub-redakteur, Tipografie: Mila Erasmus
- Sub-redakteur, Fotografie: Arnél Berning

**Fotograwe:**

Nicola Dyason, Elze Venter, Ansuri Düring, Kayle Moller

**Tipografie (uitleg en ontwerp):**

René Haasbroek, Chené Maré, Cohen Makapan

**Joernaliste:**

- Gees:
  - Hanré Dippenaar
  - Lize Joubert
- Sosiaal en Welwil:
  - Luan de Waal
  - Nina Deysel
- Sport:
  - Carmen Lubbe
  - Elizabeth Champion
- Kultuur en Sentrum van Uitnemendheid:
  - Charlotte Bruce
  - Martine Nel
- Akademie en Sentrum van Uitnemendheid:
  - Mila Genis

Baie geluk aan julle elkeen!



## BERADER HOEKIE

# BERADER HOEKIE

Hierdie afgelope week het ons Valentynsdag gevier, en dit is 'n dag wat geneig is om baie emosie na vore te bring. Die gevoelens van waardering, dankbaarheid, verlief wees, of ook die gevoelens van eensaamheid, hartseer en onsekerheid – om net 'n paar te noem. Vandag wil ek jou egter herinner dat jy nie hoef te wag dat iemand anders jou kies, voordat jy jouself kan kies nie. Jy is méér as waardig genoeg om te kies om jouself lief te hê!

<u>Ek deel graag vandag met jou 12 eenvoudige wenke oor hoe jy jouself kan liefhê:</u>

1. Maak 'n lysie van redes waarom jy lief is vir jouself, en lees dit gereeld.
2. Wees wie jy geskape is om te wees en moenie jouself vergelyk met die illusie van "perfeksie" nie (want dit bestaan nie).
3. Moenie só gefokus wees op die goedkeuring van ander nie. Jou eie goedkeuring is baie meer werd.
4. Distansieer jouself van mense wat jou laat voel dat jy nie goed genoeg is nie.
5. Vergewe die jonger weergawe van jouself. Hulle het minder wysheid gehad.
6. Begin om die veranderinge te maak wat jy weet nodig is.
7. Wys dankbaarheid teenoor jouself – vir wie jy is én vir wat jy het.
8. Doen elke dag ten minste een ding wat jou regtig gelukkig maak.
9. Gun jouself die geleentheid om nuwe idees en geleenthede te verken.
10. Luister na jou instinkte en wees regtig eerlik met jouself oor alles.
11. Gee noukeurige aandag aan jou keuses, dit bepaal jou hele lewe.
12. Gaan uit jou pad (en gemaksone) om liefdevol en vriendelik teenoor ander ook te wees.

*Groete, Francis*

## FINANSIES

## Skoolgeld 2023

**<u>Skoolgeld 2023</u>**

Skoolfooie vir 2023 beloop R38 885 per leerder en is betaalbaar in 11 gelyke paaiemente van R3 535, JANUARIE tot NOVEMBER. U moet dus u betaling maak binne die betrokke heffingsmaand bv. Januarie móét in Januarie betaal word. 'n Korting van R1 000 sal toegestaan word indien u die volle jaar se skoolgelde voor 31 Maart 2023 vereffen.

**<u>Vakheffings</u>** (Skoolgeld brief van 2023 verwys)
Vakheffings in die volgende vakke: Elektronika, Gasvryheidstudies, RTT, Robotika & kodering, IT, Dans, Ontwerp en Visuele Kunste word in Januarie 2023 bykomend op u skoolrekening gehef en is betaalbaar teen einde Maart 2023.

**Geen vrystelling word toegestaan op vakheffings** en u as ouer bly verantwoordelik vir hierdie fooie. Gebruik asseblief u skoolrekeningnommer as verwysing met betaling.

Hierdie fooie is nie-terugbetaalbaar indien leerders deur die loop van die jaar van vakke verander of die skool verlaat.

**<u>Debietorders</u>**
Ons wil u aanmoedig om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak. Debietorder opsies vir die 1ste-, 15de- of 28ste van elke maand is beskikbaar. Vorms is beskikbaar op die webtuiste of per e-pos versoek beskikbaar by finansies@hseldo.co.za.

**Vrystellingsaansoeke**

Indien u vir vrystelling van skoolgeld gaan aansoek doen, kan die vorm in die finansiële kantoor by mev Renée Swart afgehaal word. Neem asseblief kennis dat die sperdatum vir die inhandiging van vrystellingsaansoeke, 28 Februarie 2023 is.

Die dames van die finansiële kantoor is daar om u te ondersteun indien u enige uitdagings ervaar ten opsigte van u skoolgeldrekening. Kontak ons gerus.

## VERBLYF BESKIKBAAR


Gemeubileerde loft te huur in Centurion. Beskikbaar vanaf 1 Maart 2023

Verkieslik 'n jong werkende dame of dame student.

4500.00 pm water en elektrisiteit ingesluit asook fiber.

Generator en parkering op perseel.

Navrae: anneri.leach@solidariteit.co.za







## ELDO'S ONDERSTEUN

SUPERSPAR

Ons wil graag Sutherland Spar bedank vir die ondersteuning wat hulle aan Hoërskool Eldoraigne en *die gemeenskap bied!*

LCMS

Lizett Gombrinck Music School







Stellenbosch: 072 770 8589
Pretoria: 079 951 5968
www.isacarstens.co.za




TOTIUSDAL HANDELSHUIS
OUTFITTERS

## WISKUNDE EKSTRA KLASSE GR. 8, 9 & 10

Inskrywings vir 2023 nou oop

Slegs INDIVIDUELE klasse AANLYN op ZOOM

**Vir meer besonderhede kontak:**
**Dr Elmé Smith**
***(meer as 20 jaar doseer- en tutor ondervinding)***
**esmith@artiflex.co.za**
https://www.facebook.com/WebwysWiskunde


WEN JOU WETENSKAP & WISKUNDE
FISIESE WETENSKAP
WISKUNDE
TEORIE
Wiskunde En Wetenskap
Hulpbronne Gr 8 tot 12 En Tegnies
Elke afdeling is kernagtig en hanteerbaar opgesom om maklik te leer, te onthou en weer te gee. Dit bevat voorbeeldsomme met stap vir stap verduidelikings.
Prys R250 /Pakket
Pakket sluit in
Opsommings
Flitskaarte
Vraestelle
Memo's
Aflewering
R110
Adres
Rietfontein Pretoria
Kontak ons: 0845103373 www.wenwetenskap.co.za hverwey@absamail.co.za


WP
WIERDA PARK
UITRUSTERS / OUTFITTERS
KWALITEIT SKOOL & SPORTDRAG
QUALITY SCHOOL & SPORTSWEAR
012 654 9600
www.wierdaparkoutfitters.co.za